


WEEK 17 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

GEMEENTENUUS

NG Brandfort se Sonskyn Kermis en Motorskou:

Hierdie jaarlikse instelling, vind op **Saterdag 1 Junie 2019** plaas. Kom beleef 'n plattelandse basaar met tradisionele eetgoed, braaivleis en rouleisverkope. Daar gaan ook 'n uitstalling van veteraanmotors en trekkers wees. **Verkope begin om 08:00**, daar is ook stalletjies beskikbaar vir kreatiewe uitstallers. Vir enige navrae, kontak gerus vir Hanna op 082 873 2650.



NG Hugenoet, Bloemfontein:



NG Rietfontein in Winburg:



NG Onze Rust, Bloemfontein en NG Reddersburg se gesamentlike basaar:





NG Kerk Onze Rust NG Kerk Reddersburg

Kom geniet 'n besondere BASAAR aangebied deur die NG KERK ONZE RUST en die NG KERK REDDERSBURG, Saterdag 1 Junie 2019 om 09:00 te h/v Verkennerweg en Christiaan Rudolphrylaan, Genl De Wet, Bloemfontein - GPS S29 08732 / E26 11985

BASAAR: [Open 09:00] Sosaties, Worsbroodjies, Kerrie en rys, Gebak, Pannekoek, Poedings, Wit Olifantstafel, Speletjies vir die kinders

VARS VLEISVERKOPE begin om 09:00] Skaap- en Beesvleis teen baie billike pryse! *[Ongelukkig geen vooraf bestellings]*

DIE KOFFIEKAN: [Open 08:00] Corndogs, Jaffels, gevulde Pannekoek, Sop, Koffie, Tee en Koeldrank

OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Aurora Werkswinkel - Die behandeling van persone met substansgebruiksversteurings:

Hierdie geleentheid is gerig op professionele persone, **ook predikante**, wat nie spesifieke opleiding het in die spesiale vaardighede wat nodig is om effektiewe dienste aan mense met substansgebruiksversteurings te kan lewer nie. Die doel van hierdie werkswinkel is om 'n basiese inleiding tot die identifisering en bestuur van substansgebruiksversteurings te bied. Werksinkels deur die SANCA Aurora Sentrum, word op verskeie plekke aangebied en die **geleentheid in Bloemfontein vind op 24 & 25 Junie 2019** plaas. Klik [hier](#) vir meer inligting en die registrasievorm. Vir enige navrae, kontak vir Marietjie Landsberg op 051 447 4111 (k), of per e-pos by info@auroracentre.co.za



Werkswinkel - Gestremdheid vir fasiliteerders van kerke: Terwyl mense met gestremdhede gretig is om 'n aktiewe rol in die gemeentelêwe te speel, word hulle dikwels om verskeie redes uitgesluit. Die **Project RampUp** gaan 'n opleidingswerkswinkel aanbied vir betrokkenes in kerke, wat gemotiveerd is om 'n positiewe verskil te maak ten opsigte van hierdie uitdaging. Die werkswinkel sal **vanaf 22 tot 26 Julie 2019** by die *Padre Pio Retreat Centre* in Elarduspark, Pretoria plaasvind. Belangstellendes kan vir Erna Möller op 021 345 4915 skakel, of 'n e-pos aan erna@tlm.co.za stuur.

Brugbediening

'n Premier kursus aangebied deur die Sentrum vir Kontekstuele Bediening by die Universiteit van Pretoria



(Foto: Joseph Barrientos)

DATUMS: Week 1: 29 Julie - 2 Augustus 2019; Week 2: 4 - 7 November 2019

DOEL: Verandering van 'n predikant in 'n gemeente laat so 'n gemeente in 'n tyd van onsekerheid. Die pad vorentoe is onseker totdat 'n nuwe permanente bediening weer in plek is. Hierdie kursus poog om brugpredikante op te lei vir die fasilitering tydens hierdie oorgang periode en tot voordeel van die gemeente.

KURSUSLEIER: Prof Malan Nel

KURSUSKOSTE: R2 200 (BTW ing)

PLEK: Universiteit van Pretoria

KURSUSPUNTE: 70

KONTAK: Hesmarie Bosman, tel 012 420 4952, of stuur e-pos aan Hesmarie.Bosman@up.ac.za

Uitnodiging na Lentekonferensie 2019:

Hou hierdie spasie dop vir meer inligting...

Jy word uitgenooi na **Excelsus** se jaarlikse **Lentekonferensie**,
Lente in Bediening en Teologie.

Dié konferensie vind plaas vanaf **17 – 19 September 2019** by Universiteitsoord
en die Universiteit van Pretoria.

Vanjaar se tema is ...

Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef.



Hoofsprekers:

Dinsdag - Prof Thuli Madonsela
Woensdag - Prof Christi van der Westhuizen
Donderdag - Gielie Hoffmann

Dagboek solank hierdie datums